



Mandjiedans baie geniet

“Die mandjiedans van Saterdag-aand was lekker loslit en gesinne van Kiepersol en lede van die publiek kon op ’n informele wyse ontspan. Die bykans R5000 wat ingesamel is, is ’n bonus.”

So het Hennie Ferreira, streekvoorsitter, aan Kampkrummels gesê. Hy het dié sosiale funksie as ’n groot sukses beskryf en opgemerk dat dit deur oud en jonk geniet is. “Ook die nie-dansers praat met groot lof van die sosiale aand en mooi musiek wat nie te hard was nie sodat hulle kon gesels. Dit was gesinsvriendelik en bekostigbaar en daar het ’n goeie gees geheers. Die saal is informeel maar goed geleë in ’n mooi omgewing. Die weer het saamgespeel en dit was ’n perfekte vroeg-herfsaand. Ons kon lekker om die braaivleisvure kuier,” aldus Hennie.

Linda de Jager het opgemerk dat dit lekker was om weer al die bekendes te sien en nuus te kon uitruil. Ook Willy Lubbinge sê dit was ’n heerlike kuieraand. Maria Nordejé stem saam en sy het die hoop uitgespreek dat dit ’n jaarlikse instelling op die Kiepersolkalender sal word. “Tot Willem met sy beseerde skouer kon nie van die dansvloer wegbly nie!”

Magdanell Botha sê die suksesvolle aand het weer eens bewys dat Kiepersollers kan saamstaan om ’n heerlike, gesellige atmosfeer te skep. Sy het na oom Gert en tannie Anna Rall verwys as sprekende voorbeelde van mense wat dit kan geniet, hulle is al 38 jaar aktiewe Sawa-lede!

Ina van den Berg meen die mense het dit baie geniet omdat daar ’n ontspanne gees geheers



Hennie en Derrick by mandjiedans

het. Die vleisbraai het gemaak dat almal lekker om die vuur kon kuier waar baie stories uitgeruil is. Sy is veral bly dat Hennie en Esther Lombard lekker saamgekuier het nadat hulle lanklaas gereeld gekamp het.

Schalk Nolte van *Musiekvermaak* se keuse het algemene byval gevind. Dit was opmerklik dat hy aan al die spesiale versoeke vir spesifieke liedjies kon voldoen. Hennie het hom bedank vir die inisiatief om die aand te reël. Hy het ook al die ander vrywilligers bedank wat gehelp het.

Lees binne . . .

Oordenking	2
Sawa in breër verband	2
Redakteur in die breë	3
Kampnuus	4
Saamtrekdatums	4
Voorsitter sê	5
Sawa-kleuters	6
Karoo-vakansie	7
Schalk gesels	8
Senior burgers	9
Jongklomp (tieners)	9
Mandjiedans	10
Verjaarsdae, lief, leed	11
Kampprogram	11
Fotoblad	12

Kinders vang vis in rivier by Drie Berge



Alle foto's in hierdie uitgawe geneem deur Johann Lemmer



OORDENKING

Paastyd: Kruispunt in die geskiedenis

Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis (Filip.2:8)

Paastyd is die kruispunt van ons geskiedenis – die lewe voor en die lewe na Christus se versoeningsdood. Aan die kruis sien ons wat die bese en die liefde kan doen. Die liefde oorwin die kwaad die oomblik toe die bese daarin slaag om Christus dood te maak.

By die dood van die Skepper was dit of die natuur van skok geruk het. Die aarde het gebewe en duisternis het op die aarde toegesak. Toe het alles stil geword terwyl die hemel en aarde in spanning wag oor wat die uiteinde van die kruisdrama sou wees. Tussen Goeie Vrydag en Paassondag hang die mens figuurlik gesproke tussen die hemel en die hel. Dis 'n dag van meditasie waarin ons op die lyding en sterwe van Christus fokus.

Hy't opgestaan, ja, Hy't waarlik opgestaan
Op Paassondag slaak hemel en aarde 'n sug van verligting wanneer dit duidelik word dat Christus die reis na die dood terug na die lewe volbring het. En dit vir geen ander as om die lewe in jou are terug te blaas nie. Sy oorwinning oor die dood maak dit vir jou moontlik om op te staan en weer te leef.

Laat jou groet aan almal wat jy teëkom op Paassondag 'n welluidende en duidelike boodskap wees: "Hy het opgestaan! Ja, hy het waarlik opgestaan! Ek weet want ek was dood en het weer lewendig geword. Hy het my uit die graf van sonde bevry! Halleluja!"

Gebed vir vandag

Lam van God, gee dat ek ten minste een uur van hierdie Paasaweek sal waak by my Verlosser. Blaas U asem oor my lewe sodat ek kan opstaan en leef. Amen.

Deur Hennie Symington (Vers 'n dag)

Breër verband

Sawa streef daarna om vir Afrikaans georiënteerde kampeersders die geleentheid te bied om binne 'n Christelike konteks, 'n tuiste te bied waar hulle hul beginsels en kultuur kan uitleef.

Presidente-saamtrek

Gedurende Paasaweek
vanaf 5 tot 9 April 2012

Voorafkamp vanaf

Dinsdag 3 April

Plek: Klipdraai (Meyerton)

Tarief: R150 per nag

Plaatjiegeld: R10

Besprekingsvorm by bestuur beskikbaar of skakel Sawa-kantoor by 011 918 0699

Onderklere-projek

Kiepersolde begin **asseblief somer nou** onderklere aankoop vir ons nuwe projek. Mans en vroue onderklere, enige groottes, en ook sokkies. Bring dit saam na die AJV in Augustus. Kom ons maak dit 'n groot poging om hierdie mense te help. Goeie tweedehandse ware is ook aanvaarbaar.

Frank en Hettie (082 882 5299)



Streekbestuur 2011-2012

Voorsitter: Hennie Ferreira (083 226 3176) hennief@agency.co.za

Ondervoorsitter: Vakant

Sekretaris: Ina van den Berg (079 393 3977) jannie.ina@gmail.com

Penningmeester: Rigard Lemmer (082 786 9928) rigard.lemmer@treasury.gov.za

Redakteur: Johann Lemmer (012 653 2745) lemmerj@mweb.co.za

Senior burgers: Frank Smith (012 654 3135) frank.hettie@vodamail.co.za

Addisionele lede: Schalk Nolte (012 345 1605), Ronelle King (012 664 6611)

André Baker (012 654 6127)

Bankbesonderhede: Sawa Kiepersol, ABSA Centurion 600 810 499

Oor Sawa in die breë skryf die Redakteur:

Gebied Jakaranda gee terugvoering van die Nasionale Uitvoerende Bestuur

Die Nasionale Uitvoerende Bestuur (NUB) het onlangs vergader. Die Gebied Jakaranda is verteenwoordig deur Martin Rix, sekondus van Pieter van Biljon wat met vakansie was. Martin het die volgende terugvoering oor die vergadering gegee.



Johann Lemmer

Daar word gepoog om die gebiedsverslae van die gebiede in 'n spesifieke formaat te kry. Verskeie gebiede het alreeds die formaat begin gebruik, maar meeste was dit eens dat daar dalk te veel inligting in is, alhoewel goed. Indien die formaat ook deur Jakaranda gebruik gaan word, sal dit wenslik wees dat streke se steekverslae ook in 'n soortgelyke formaat is. Die punt sal by die eerskomende vergadering bespreek word.



Martin Rix, sekondus, wat die NUB-vergadering bygewoon het



Pieter van Biljon, gebiedsvoorsitter

'n Insiggewende gesprek is gevoer deur die voorsitter van Elandsrand, Brian van Niekerk, oor die verkryging van 'n EB-lisensie. Indien streke of lede inligting oor die proses wil bekom, kan hulle gerus met hom in aanraking kom.

Lede word weereens gevra om op te let dat die linkerwiel van hulle woonwaens te alle tye vas is. Daar is gerugte dat versekeraars dalk in die toekoms nie eise gaan goedkeur indien dié wiel verloor word nie.

Kennis moet geneem word dat die SAWA-kantoor 'n nuwe faksnommer (088 011 918 0699) het en die ou nommer asseblief nie meer gebruik moet word nie.

Streke word gevra om asseblief foto's van hulle wedervaringe by *Forever Resorts* aan Christo Wagenaar by *Forever Resorts* te stuur.

Daar word gevra dat streekbesture bekend moet maak watter voorraad by die kantoor beskikbaar is.

Streekbesture word gevra om weereens die SAWA-webwerf (www.sawa.org.za) by lede te bemark. Dit is noodsaaklik omdat dit ook 'n potensieële impak het op die verkryging van borge. Die hoeveelheid trefslae op die webwerf het 'n impak op die grootte van die borgskap.

Alle streke word gevra om weer die nasionale fondsinsamelingsprojek deur middel van lootjie-verkope, te ondersteun. Elke streek behoort vier boekies te ontvang wat elk

tien kaartjies het. Die kaartjies kos R25 elk en is by die NUB beskikbaar gestel.

Streke moet in die toekoms ook hulle finansiële verslae aan die Gebied stuur as deel van die verslaggewing.

Streek- en Gebied Ere Hoër Graad toekennings sal voortaan by die streek en gebied goedgekeur word.

Kennis moet geneem word dat streeknotules vir altyd bewaar moet word. Finansiële verslae moet vir ten minste vyf jaar bewaar word.

Die blanko vorm vir die streek se jaarlikse finansiële verslaggewing sal aan die begin van Junie beskikbaar wees. Alle streke word gevra vir hulle samewerking om die 2011-2012 finansiële verslag teen nie later nie as 31 Julie 2012 aan Fanie Jordaan te stuur. In meeste gevalle sal dit wel voor die streke se AJV's wees, maar die vervoegde datum is as gevolg van die vervoegde kongres.

Indien 'n streek insette vir die 2012-2013 nasionale begroting wil gee, moet dit asseblief teen middel April 2012 by Fanie Jordaan ingedien word.

Streke word gevra om hulle insette vir die formaat van die Jaarprogram of enige ander insette ten opsigte van die boekie, so gou moontlik aan Jannie Meyer te stuur.

Die werksdokument vir die konsepjaarprogram vir 2013 sal by Mei-maand se NUB beskikbaar wees.

Die volgende SAWANANT sal teen einde Maart die lig sien. Streke wat wil insette gee vir die blad moet dit teen nie later as 3 Maart doen nie. 'n Spesiale versoek aan streke is om insette oor kinders en hulle prestasies te stuur vir moontlike publiserings.

Streke se nuusbriewe moet asseblief teen nie later nie as 31 Julie by Alet Meyer wees vir beoordeling. Alle nuusbrieffredakteurs word bedank vir hulle toewyding.

Streke word gevra om die Presidente en Kongres by hulle lede te bemark. Insette oor die getalle wat die onderskeie saamtrekke gaan bywoon, moet asseblief so spoedig moontlik aan die kantoor deurgegee word.

(Volgorde van items verander. -Red)

Lekker Kampnuus



Uitkamp tussen die koppe van Drie Berge

Ronelle King

Die naweek van 24 Februarie het aangebreek. Met 'n heerlike verwagting kon ons Vrydagmiddag kamp opslaan en laer trek. Die kampterrein het spoedig volgeloop insluitende gaste Christa, Petro, Johan, Henco en Steven saam met Jorrie, Annastien, Johan en Jacoline. Die gedruis van die water oor die keerwal van die sterkvloeiende Krokodilrivier het ons heelyd herinner dat ons deel van die skepping is. Aan die oorkant van die rivier het Ouberg waggehou, links van ons Langberg en regs Wagposberg.

Vrydagaand moes oom Jerry juis tydens die boekevat kompeteer met die 'geraas' van die water. Johan is geluk gewens met sy verjaardag en nadat almal verwelkom is deur Hennie, kon die wat wou, heerlike worsbroodjies, deur Hannie en haar span voorberei, aankoop. Gesels en saamkuier het natuurlik voorrang geniet.

Saterdagoggend het 'n klompie dapper stappers die wandelroetes in die koppe aangedurf. Sommige het by die nuwe Brits-inkopiesentrum gaan wandel en ander het net lekker gerus. Daar is selfs geswem in die heerlike water van swembad wat 'n entjie van die kampeerplek geleë is. Charlie en sy span helpers het korte mette gemaak met die skil van uie, wortels, aartappels, mielies, ens vir die potjie wat sou volg. Die aand se boekevat is deur Ronelle gehou. Ons Kiepersollers het hulle geensins laat afskrik deur die onweerswolke en harde reënbuie wat uitgesak het nie. Daar is heerlik gesmul aan die lekkerste skaap- en groentepotjie, gemaak en opgeskep deur Charlie, Johan en Jorrie. Laataand kon ons weer die sterretjies sien en kampvuurstories uitruil.

Schalk Nolte se mooi, rustige musiek het ons Sondagoggend herinner aan die kerkdienste wat op sy spesiale manier deur ds. Emil Haarhoff gehou is. Na oorhandiging van plaatjies en afhandeling van ander administratiewe sake, het ons die gasbraaiers nader gesleep vir 'n heerlike laat ontbyt. Noem dit en dit was op die spyskaart!

Kampkommandante: Hennie en Hannie Ferreira; Charlie en Ronelle King.

('n Groot dankie aan die kampkommandante wat verantwoordelik was vir die bestanddele en maak van die potjie en worsbroodjies, dit word waardeer! -Red)

Saamtrekdatums

Saamtrekke vir 2012

Volgende saamtrek:

16 Maart: Marula (Bela Bela)

Kampgeld vir die naweek R200 (betaal asseblief in by Sawa-Kiepersol)
ABSA Centurion 600 810 499
Program en roete op bladsy 11

6 April: Presidente: Klipdraai

(Meyerton) R150 per nag. Plaatjie R10
Vooraf vanaf 3 April R150 per nag
Besprekingsvorm by bestuur beskikbaar of skakel 011 918 0699 (Sawa-kantoor)
Gevra: Items vir Allerleitafel, skakel Johanna van Biljon by 082 574 6904

25 Mei: Buffelspoort (Sitrusfees)

Naweektarief: R480
Sluit toegang tot Sitrusfees in
Kamp vanaf Woensdag teen R135 per nag
Bespreek by Hennie 083 226 3176 en betaal volle bedrag voor 25 April

15 Junie: Nasionale Winterkamp

Klein Kariba: R176 per nag,
Vooraf R100 per nag.
Bespreek by Sawa-kantoor (011 918 0699)
Laat weet bestuur asseblief

18 Augustus: AJV Klein Paradys (Brits)

7 September: Smutshuis (Irene)

12 Oktober: Nasionale Saamtrek

Malonjeni. Naweektarief R302
Bespreek by Sawa-kantoor (011 918 0699)

26 Oktober: Kaia Manzi

Kampgeld vir die naweek R370

16 November: Joos Becker (Kersboom)

Kampgeld vir die naweek R260
Bring kinders en kleinkinders

Die Voorsitter sê Lede geniet Drie Berge-kamp en Mandjiedans was lekker

Hennie Ferreira

Die kamp by Drie Berge en die Mandjiedans is agter die rug. Dit was twee mooi geleenthede en ek maak graag van die geleentheid gebruik om almal wat dit bygewoon het hartlik te bedank. Die goeie gees wat geheers het is prysenswaardig. By Drie Berge kon die reën nie die geesdrif demp nie en ons het heerlik gesmul aan die potjiekos wat Charlie King en sy helpers voorberei het. Die mandjiedans was Schalk Nolte se voorstel en ons bedank hom en Mari-
anne vir die reëlings en die musiek. Dan was daar, soos gewoonlik, baie vrywilligers wat met die voorbereidings van die saal en die maak van die braaivleisvure gehelp het, nogmaals dankie aan elkeen.

Ondervoorsitter bedank



Louis van den Berg moes ongelukkig as gevolg van persoonlike en werksverpligtinge uit sy amp bedank.

Ek bedank hom graag vir die bydrae wat hy in die bestuur gelewer het. Ons wens hom sterkte toe en sien daarna uit om in die toekoms lekker saam met hom en sy gesin te kamp.

Opvolgbeplanning: Die streekbestuur is tans besig met opvolgbeplanning en ek sal dit waardeer indien lede wat graag op die bestuur wil dien met my in verbinding tree. Dis 'n belangrike saak en kan nie oorbeklemtoon word nie.

Veldwa-saamtrekke: Die bestuur het nog geen terugvoer op Christo van der Merwe se brief oor "veteraanlede" ontvang nie maar ek reageer graag op sy mening oor die 4x4-saamtrekke:

-As ons nie poog om die 4x4-mark te betrek nie sal ons nooit weet hoe Sawa daarby kan baatvind nie.
-Die bekostigbaarheid van kampe en die jeug wat moeilik 'n EB-lisensie kan bekom is waar maar dit verhoed nie dat ons die 4x4-entoesiaste by Sawa probeer betrek nie.
-Die belangstelling kan dalk groei en daartoe lei dat binne die Gebied Jakaranda 'n 4x4 streek gevestig kan word. Hulle kamp dus by hulle eie terreinvoorkeure en nie saam met ons wat teerpaai, goeie ablusie fasiliteite ens verkies nie.
-Net die tyd sal leer of die aksie suksesvol is, en kom ons gee vir Willem Nordejé en Willie Bronkhorst al ons ondersteuning om 'n sukses van die twee kampe te maak wat hulle hierdie jaar beplan.

Nuwe lede: Ek maak ook van die geleentheid gebruik om twee nuwe pare wat by Drie Berge kom saam kamp het, as lede te verwelkom naamlik: Eric en Christa Bothma en Johan en Annastien Jordaan. Hulle is nou deel van die Sawa-familie en mag ons nog lank lekker saam kamp.

Kampe: Die volgende kamp is die naweek van 16 Maart te **Marula** (naby Bela Bela). Daar gaan 'n snoekbraai wees. Laat weet asseblief as julle die saamtrek wil bywoon, dit kos R200 vir die naweek.

Die **Presidente** is oor die Paas-naweek (6 tot 9 April) te Klipdraai (Meyerton). Daar is ook 'n voorafkamp vanaf Dinsdag en bied 'n geleentheid vir senior burgers en ander wat die skoolvakansie verder wil benut om teen R150 per nag te kom kamp. Kyk verdere besonderhede op bladsy 4.

In Mei-maand kamp ons by **Buffelspoort** (Sitrusfees) wat deur

streek Kosmos gereël word. Ons het net 15 staanplekke en diegene wat daar wil gaan kamp moet my asseblief so gou as moontlik laat weet sodat hul name op 'n lys geplaas kan word. Dit kos R480 vir die naweek wat toegang tot die Sitrusfees insluit. Die volle bedrag moet asseblief nie later nie as 25 April in die Kiepersolrekening inbetaal word nie.

Onthou ook om asseblief vir ons te laat weet wanneer jy met ander streke saam kamp sodat ons dit in ag kan neem vir die kredietstelsel en erkenning tydens ons AJV in Augustus.

Ek sal ook graag name vir kamp kommandante vir die AJV kamp in Augustus wil ontvang. Stuur ook voorstelle oor hoe die Saterdagdaand-funksie daar kan uitsien.

Neem ook kennis dat die September kamp nou by die Smutshuis terrein in Irene sal plaasvind aangesien Dube en twee ander alternatiewe oorde wat ons genader het weens deposito-vereistes en hoë kampgeld nie oorweeg kon word nie. Baie dankie aan die groep wat Bosveld-Oase, Hartbeeshoek en Smutshuis-terrein besoek het om ondersoek in te stel.

Sawa se slagspreuk vir die jaar is "Wees trots op Sawa" en ek sal dit graag in die besonder op ons streek van toepassing wil maak met "Trots om 'n lid van Sawa- Kiepersol te wees". As ons dit nastreef sal dit die positiewe in almal sigbaar na vore bring.

Ek sluit graag af met die volgende aanhaling van Maretha Maartens:

"'n Vygie is die verskil in die kaal Karoo, nes jy, oral waar jy is."

Kiepersolgroete

Hennie

Trots om 'n lid van SAWA Kiepersol te wees.

**Tandartse by
Elwierda Apteek**

Dr René Pretorius

Dr Tania Erikson

Telefoon: 012 653 6154

Storiwerf vir kleuters

Sawa Kalantjies

Lekker lees!



"Dit is ek, julle ma. Maak tog vir my oop," kom 'n harde growwe stem van agter die deur. Die sewe wolfies kyk onseker by die venster uit om te sien wie dit is. Hulle kan niemand voor die deur sien nie, maar daar is 'n vieslike spoor van slym tot by die deur. Weereens trots op hulself dat hulle geweet het dis die nare slak, sê hulle in 'n koor, "Jy is klein en los 'n spoor van slym. Jy het ook geen pote nie. Jy is die slak en ons sal nie vir jou oopmaak nie."

Die nare slak en die sewe wolwe

(Vervolg vanaf vorige keer)

'n Rukkie later, net toe die wolfies bietjie ontspan het, klop iemand by die deur. Die slim wolfie druk sy oor teen die deur en vra, "Wie is dit?"

"Dit is ek, julle ma. Ek het klaar gejaag en vir julle elkeen 'n lekker hasie saamgebring om aan te peusel," kom 'n fyn, sagte stemmetjie van agter die deur.

"Nee, jy is die slak. Jou stem is fyn en sag. Ons sal nie vir jou oopmaak nie," antwoord die slim wolfie. Hy is al te trots op homself dat hy geweet het dis die slak. 'n Rukkie later klop iemand weer aan die deur. Weereens vra die wolfie, "Wie is dit?"



-Tekening deur Juan van Wyk

Pretoria-Noord Toyota

Die enigste onafhanklike Toyota-handelaar in Pretoria



- Nuwe Toyota passasiersvoertuie
- Nuwe Toyota kommersiële voertuie
- 250 Automark gebruikte voertuie
- Egte Toyota onderdele
- Werkswinkel

Pretoria-Noord Toyota bestaan sedert 1983 en ons leef ons motto - "Ons diens en groei" - ten volle uit.

**ALTYD BESKIKBAAR - 250 AUTOMARK-
GEBUIKTE VOERTUIE**

Pretoria-Noord Toyota
Gerrit Maritzstraat 597
PRETORIA-NOORD
Tel 012-546-0545



NEEM LEIDING TOYOTA

BRITS WOONWAENS



Brits Woonwaens BK

Brits Woonwaens is ongeveer 50km vanaf Pretoria en sowat 100km vanaf die Wes-Rand. Dit is ook die naaste handelaar aan die Jurgens CI Fabriek te Ga Rankuwa. Ons bied die Jurgens, Gypsey, Sprite en Safari reeks aan, asook Jurgens Sleepwaens. Ons produkreëks word met 'n Campworld-winkel aangevul. Produkte soos: Howling Moon, Coleman, Engel, National Luna en talle meer kan hier teen kompeterende pryse gevind word.



Van Deventerstraat 39, Brits
T. 012 252 5169 F. 012 252 7722
britswoonwaens@lantic.net www.britscaravans.co.za

Somervakansie-toer in die Karoo

Pierre en Iloma de la Harpe, skryf dat hulle vakansie hierdie keer, anders as in ander jare, 'n rit deur die Karoo was, en gaan voort:

“Ons wou kyk wat bied dié droë en warm deel van ons land. Ons vertrek toe op 26 Desember en staan twee dae by Onze Rust Woonwapark in Colesberg. Ons het gou agtergekom dat die oord eerder op oornag-besoekers as gewone kampeerdere gemik is. Geriewe soos 'n swembad en restaurant bestaan nie, ook byna geen grasperk of skadubome nie.

Ons skuif toe na *Caro Chalet* in Middelburg. Wat 'n heerlike verrassing. Die eienaar is 'n afgetrede siviele ingenieur en op 75 behartig hy die oord baie goed. Alles is netjies, baie bome en gras met twee swembaddens. Daar is ook ses oornag kamers en smiddae so van vieruur af begin toeriste inkom vir die nag. Almal oppad noord.

Ons ry een dag oor na Graaff-Reinet met al sy netjiese oudhede.



Die merkwaardigste was die bekende NG Kerk met sy unieke preekstoel waar ds. Andrew Murray die predikant was.



Ook Reinet -huis wat na sy vrou ver-noem is, was 'n hoogtepunt.

Ons vertrek op 30 Desember na



Kambro Padstal so 20 km noord van Britstown. Hier kon ons lekker tuisgemaakte gemmerbier en pasteie koop vir aandete. Maar hel, dis vrek warm. Die kwik boer diep in die 30s. 'n Baie netjiese opset. Verskeie oornag wooneenhede met so agt woonwa staanplekke met elkeen sy eie blokkie gras, kraan, braaier, lig en boom. Duidelik beplan deur iemand wat self kamp. Britstown self bied nie veel as dorp nie en winkels is maar skraps. Ek kon ook nie diesel daar kry nie. Ons het egter darem genoeg gehad en die Volvo sleep toe op Nuwejaarsdag na Prieska. 'n Gedeelte van die pad laat jou aan Namibië dink, 55 km pylreguit. Ons kon amper die einde van 2012 sien.

In Prieska is ons verwelkom deur Ken en Esme Penderis van Gariep Country Lodge. Hulle is plaaslike skaapboere maar woon in Prieska. Die park is by 'n ouerige huis wat as gastehuis agt en-suite kamers en vier staanplekke bied. Dit was heerlik om daar te staan want rondom die park boer die mense met papegaaië en dit kwetter die hele dag. Die huis se kombuis was ook tot ons beskikking.

Ons was eintlik spyt om daarvandaan op 3 Januarie na Orania te vertrek. Wat ons omtrent Orania kan vertel is feitlik in totaal verskillend as wat die pers dit aan Suid-Afrikaners deurgee. Dit is 'n netjiese, stil, veilige, skoon, vriendelike dorp. Al die winkels en geriewe wat ons nodig gehad het was daar. Die toerismebeampte Paula Cilliers het selfs die vorige dag geskakel om te verneem of ons veilig toer en na ons vertrek het, weer geskakel.

Die park, Aan die Oewer, is teen die Oranjerivier en alles is be-gras en be-boom. André, die eienaar, kon ons teen sonder op sy vlot die rivier af neem. Dit was 'n pragtige gesig om die sonsondergang oor die spilpunt besproeiingslanderye te sien. Etlike duisende hektaar word uit die rivier besproei. Die mielies staan soos hare op 'n hond se rug en hul gemiddelde opbrengs is 12 tot 14 ton per hektaar. Dan saai hul ook nog koring in dieselfde jaar. So, 'n dubbele oes elke jaar.



Die park het 'n pragtige houthotel en gesondheid spa. Alhoewel hulle drie voltydse masseuses het was dit egter steeds te besig om ons in die spa te akkommodeer.

Na twee dae was ons toer amper verby. Ons vertrek na *Riverside Country Lodge* in Richie. Dis omtrent 30 km suid van Kimberley. Die oord lê aan die Modderivier naby Magersfontein. Omdat ek die geskiedenis rondom die slag by Magersfontein ken was dit baie goed om weer herinner te word aan ons voorvaders se vernuf. Die oord se honde het gou agtergekom dat ons hondeliefhebbers is en tussen al die woonwaens altyd by ons kom lê en speel.



Die Jack Russel en 'n mak kolgans het mekaar gedurig gekoggel.

Dit was 'n kort rit maar baie interessant. Die Volvo het haar goed gedra en teen 10,1 km per liter is ek tevrede.

Voorspoedige jaar aan al ons Kiepersol vriende.

Pierre en Iloma de la Harpe

Schalk gesels met

Kampeerdere in murg en been

Die naweek by Drie Berge het gekom en gegaan, en so tussen die gedruis van die Krokodilrivier in die agtergrond, en die begin van die Super 15 rugby, was daar nie eintlik kans om te skryf aan die artikel nie. Dis maar moeilik om op skryfery te konsentreer terwyl almal rondom jou kuier en daar so kort-kort nog 'n reënbutjie ook uitsak! Op die einde los mens dit maar vir die Maandagaand, en nou ja, dis nou sulke tyd!

Julle het vir seker nog nooit gehoor van Martha Margaretha Elizabeth Viljoen wat op Standerton as die jongste van drie kinders gebore is nie, maar eintlik ken julle haar al lank! Sy het stilletjies tussen veertig ander kinders in die plaasskooltjie Charl Cilliers skoolgegaan en is van daar af na die Morgenzon Landbou-skool. Sy is skooltoe omdat sy moes, maar sy, soos Jan Spies sê, het daar geen behae in gehad nie - sy was eintlik 'n huisvrou van kindsbeen af! Die hoogtepunt van haar skoolloopbaan was toe die koshuis se kombuis en eetsaal afgebrand het en hulle toe by die seuns se koshuis moes gaan eet het! Nie dat daar nou eintlik iets gebeur het in die tyd nie, sy was nog soet en kuis, en dan was hulle eie huismoeder se kos nog boonop lekkerder ook! Sy was 'n regte plaasmeisie en haar pa het geboer van 17-jarige ouderdom totdat hy sewentig was. Na matriek was sy 'n sivele klerk in die weermag, en daarna 'n datatikster by Unisa. Sy was versot op flieks, en toe eers het dinge in haar lewe begin gebeur, maar ek kom netnou daarby!

Hy is in Pretoria gebore en het in die Moot grootgeword. Op skool was hy in Voorpos, Totiusdal, Villieria en later in John Vorster Hoër Tegniese Skool, waar hy rugby en krieket gespeel het, en ook in die Voortrekkers was. Hy was in die drilpeloton van die Kadetkorps en saam het hulle een jaar die SA Drilkompetisie gewen. As Voortrekker het hulle plekke aangewys tydens die Republiekfees toe

die drie vliegtuie in Tafelberg vasgevlug het.

Hy matrikuleer in 1972, maar is in 1973 weer terug skool toe om universiteitstoelating te kry. In 1973 het sy pa egter 'n ernstige hartaanval gehad en hy het toe by die lugmag aangesluit, waar hy die eerste lugmagvagleerling op die Kaktus-missiel lugafweerstelsel was, onder leiding van ene Jannie van den Berg! Ongelukkig wil hy nou nie eintlik uitwei oor al die katekwaad wat hulle saam aangevang het nie!

In Oktober 1976 is hy UKOR (Valindaba) toe en getroud met sy eerste vrou. Later is hy na Sasol op Secunda en hier moes hy toe ongelukkig in Julie 1990 sy eerste vrou aan die dood afstaan as gevolg van diabetes komplikasies. Intussen is sy eerste rib aan die linkerkant in 1984 verwyder, en volgens hom het dit toe aanleiding gegee tot sy tweede vrou in Desember 1990. Maar wat het dit nou alles te doen gehad met die datatikstertjie by Unisa? Sien hy het in 1990 begin *swot* by Unisa, en na die eksamens kon hy net eenvoudig nie wag vir die uitslae nie. So hoe nou maak? Toe vertel sy skoonsuster hom van 'n sekere datatikster by Unisa wat mens met 'n fliëk kan omkoop om enigiets te doen! Hy het haar toe fliëk toe geneem en nie net sy uitslae vroeër gekry nie, maar sommer ook nog 'n afspraak vir die Saterdagagaand ook! Van so Januarie se kant af het hy toe nie meer nodig gehad om duur fliëks as verskoning te gebruik om haar te sien nie, en hulle het toe gereeld saam gekuier en plaas toe gegaan.


So het dit van kwaad na erger gegaan, totdat dit by ouers vra gekom het. Toe sit hy met die netelige probleem van ouers vra met 'n sesjarige seun uit 'n vorige huwelik. Haar ouers was stoere plaasmeisies, sy was 'n onskuldige, kuise plaasmeisie, en hulle het hom seker dadelik gesien as 'n wolf in skaap-

klere, en moeilik gesluk aan al sy stories. Maar hy het maar die stang vasegebyt, deurgedruk, en in Mei 1993 is hy toe met sy huidige vrou met die string name getroud. Vandag is Willie en Elma Bronkhorst se seun uit sy eerste huwelik, Rickus, al 28 jaar oud en hulle eie seun, WP, is 17, soos Wille sê: " 'n oorstootdrie in beseringstyd!"

Willie hou van fietsry, en het in 2006 saam met vriende vanaf Secunda Kaapstad toe gery, en ook 'n paar keer die Argus gery. Van die pyn en lyding wat mens moet verduur met saalsere, kan 'n mens hom niks vertel nie, om nie eens te praat van die behandeling daarvan nie! Vra hom bietjie van die aansmeer van "Methyalate" wat al die watsenaam uit jou uitbrand op die mees gevoelige plekke!

Hulle het in Februarie 1994 by die Oosvaal-streek in SAWA aangesluit vanuit Secunda, en vanaf Augustus 1994 was hy amper die hele tyd op SAWA-besture. Hulle het met 'n bakkie en 'n tent self toere onderneem na Namibië, Swaziland, Botswana en Lesotho. Met die woonwa het hulle al gekamp van Tshipise tot Stellenbosch, en van Potchefstroom tot in Lesotho. Hulle het ongeveer 101 streeksaamtrekke en 234 algemene saamtrekke bygewoon. So in die natuur ondervind hulle dat hulle baie na aan die Skepper leef, en ervaar dan die grootsheid van die skepping. In SAWA ondervind hulle dat mens baie vriende maak wat jy nie in die normale gang van die lewe sou ontmoet nie. Hulle gee om vir mekaar en waardeur dit dat 'n mens naweke die woonwa kan neem en ry en afskakel deur weg te breek van die normale roetine en oor ander dinge as werk te praat.

Die komplekse is hulle lewe, en hulle geniet elke oomblik daarvan, soos Pat Mesiti sê in sy boek "Wake up and Dream": "Love what you do, and be proud of it. Be proud of who you are and what you represent".



Seniors



Filadelphia Ark-projek verder goed, plaas ontwikkel

Ons projek in 2011 om kussings in te samel vir Filadelphia Ark was 'n reuse sukses en 50 kussings met slope en heelwat beddegoed, klere en speelgoed is ter plaatse aan hulle oorhandig. Dankie aan almal wat die afgelope twee jaar bydraes gemaak het, sonder dit kon Kiepersol nie die nodige steun aan Solidariteit Helpende Hand gee nie.

Daar woon nou 310 mense op die plaas. Sedert ons besoek verlede jaar was daar heelwat verbeteringe en ontwikkelinge. Die eerste projek vir die bou van die 50 houthuisies is afgehandel. Bome is geplant en blombeddings aangelê. Die ablusieblok is voltooi en daar is skot-telgoedwasbakke en 'n waskamer met die nodige masjien. 'n "Donkie" word gebruik om water te verhit. Daar is ook 'n werkswinkel vir die stoffering van meubels en 'n afdeling wat motors herstel. Die klerestoor is vergroot, rakke is aangebring en die klere word gesorteer volgens geslag en groottes. Daar is ook 'n aanpashokkie.

Dirk, die eenaar van die plaas, het die plaasopstal ingerig vir staatspensiontrekkers wat nie meer ander verblyf kan bekostig nie. Hierdie mense betaal R700 per maand vir hulle verblyf en drie etes per dag. In die kombuis word koekies gebak en verpak wat by Jasmyn (Hartebeespoortdam) verkoop word. Uit hierdie fondse kry eike inwoner Vrydae 'n bietjie sakgeld. Die kleuterskool het tans 20 kinders en 'n vrou van Centurion is bedags daar betrokke. Weggooi-doeke word nog benodig asook opvoedkundige speelgoed en ander toerusting.


Met ons besoek het daar 'n bakkievrag tamaties gestaan. Hulle kon heelwat meer kry maar kon net gaan laai wat vervoer kon word. Die tamaties word gesorteer vir die maak van slaai en tamatiesmoor. In die koelkamer op die plaas word heelwat groente en ander voedsel gestoor wat dan weer gedeel word met ander plakkerskampe waar Helpende Hand betrokke is.

Dit wat hierbo beskryf word, klink alles mooi en goed. Nogtans vervang dit nie 'n eie huis en werk nie. Die armoede is steeds sigbaar alhoewel die blymoedigheid van die inwoners onder moeilike omstandighede opvallend is. Daar woon ook nou 'n man wat 'n nommer 14 skoene dra, weet u van iemand wat hom kan help?

Werklik, gelet op wat ons daar gesien het verdien Dirk, wat sy plaas geskenk het om die haweloses te huisves, al ons hulp en ondersteuning. Ons beplan 'n besoek aan Filadelphia op Saterdag 24 Maart. Enigeen wat wil saamgaan is welkom, elkeen moet net 'n kussingsloop en 'n handdoek saamneem.

Frank en Hettie Smith (082 882 5299)

jongklomp



'n Tiener se pa vra:

Wat maak 'n matriekmeisie op die rug van 'n olifant?

'n Matriekmeisie op die rug van 'n olifant. Verbeel jou. Dis nou wel nie op YouTube nie, maar dit het iewers in Gauteng gebeur.

En natuurlik was dit haar keuse van "vervoermiddel" na die matriekafskeid.

Matriekafskeid - wat 'n sirkus is dit nie deesdae nie! As dit nie arme olifante is wat gesig moet opsit nie, is dit 'n *Aston Martin* of 'n helikopter wat ten duurste gehuur moet word nadat pa sy enigste polis daarin gestort het.

Net soos Valentynsdag het dit 'n geldmaakfoefie geword. Begroot in graad 8 reeds vir die matriekafskeid vier jaar later. Neem dan sommer afskeid van jou spaargeld ook.

Waarvan praat ons nou eintlik? Wel, R1000 vir 'n pak, 'n baadjie teen R700 en 'n broek vir R300. Ja, jy betaal ook vir die hanger. Dan beloop die uitgawes ook baie geld vir grimering ensovoorts.

Kom nou, is die geld die lang staan in 'n ry motors, trekkers, water-

ponies en donkies regtig die moeite werd?

Ek laat my nie vertel dat die matrieks uitsien na die lang sit in 'n skoolsaal, entoesiasies en aandagtig luister na die skoolhoof se verwaterde toespraak wat hy jaarliks uit die argief haal en peusel aan die Checkers-poeding nie.

So binne-in die kern van 'n wêreldwye resessie plaas kinders en ouers steeds druk op mekaar om te lyk asof hulle na Kate en William se troue genooi is. Ouers is soms die groot brommers in die perdesalf. Die ironie van so 'n aand is dat matrieks die tyd in die saal verby wens om eendelik die kuier ná die tyd by te woon.

Miskien moet ons die lang-Y-mentaliteit agterlaat. Dis nou die wat-ek-kan-kry-, wat-ek-ry- en waar-ek-bly-houding.

Gesels sommer vandag nog met jou makelaar of finansiële raadgever oor matriekafskeid-beplanning as jy nie die balju op jou voorstoep wil sien nie.

Die vraag wat gevra moet word is: Hoeveel is genoeg?

Lourens Selzer

Ons kuier en sokkie lekker by mandjiedans



Willie Bronkhorst, Maria Nordejé, Elma Bronkhorst en Willem Nordejé kom by die saal aan



Jannie vd Berg saam met Conrad Fritz en Hennie Ferreira



Jerome Henning, Willy en Lenie Lubbinge, Marthie en Stef Maritz



Martiens Joubert (middel) saam met Cornel, Christopher en Johann



Schalk Nolte maak lekker musiek



Gert Rall doen tafelgebed



Pieter en Johanna van Biljon, Louw de Jager



Skakel om 'n afspraak te maak

072 949 6293

(Maandae gesluit)

Op die hoek van Chris Hougaard en Springbokstraat, langs die pandjieswinkel, Wierdapark

Kom loer gerus in as jy nog nie hier was nie

Parkeer onder groot bome

Ondersteun ons eie mense

ELWIERDA APTEEK

Elwierda@mweb.co.za

Noodnommer 082 460 0162

Kom maak kennis en kry:

- Flinke diens
- Billike Pluspryse
- 'n Goeie luisteroor
- Professionele advies
- Vriendskap vir 'n leeftyd
- Oop sewe dae per week
- Noodure tot agtuur saans
- Aflewering

Elwierda Apteek

Koedoestraat 184 Wierdapark

Telefoon 012 653 6153 012 653 6172

VERJAARSDAE



*Dis vir Kamp-
krummels baie
aangenaam om
die mense wat
hieronder*

*genoem word
geluk te wens met
hulle verjaarsdae*

APRIL

01 Christa Bothma
02 Willie Bronkhorst
05 Willie Kruger jnr
08 Pieter Hanekom
09 Ina van den Berg
09 Marco Prinsloo
09 Paul Daneel Kruger jr
10 Erna Lubbinge
13 Seef Delport
18 Edward Whelan
21 Lenie Lubbinge

22 Riaan de Swardt
24 Ronel Whelan
24 Groenewald
27 Joyce Wilsenach
28 Enrico Zietsman
29 Hendrik van
Huyssteen

MEI

02 Elize Vorster
03 Thea Lewis
03 Guillaume Jordaan
04 Everdt Combrinck
06 Lettie Leach
06 Willie Olivier
08 Jaco van Huyssteen
09 Willem Bignaut
09 Ilze van Huyssteen
10 Bets Joubert
14 Livia Lemmer
19 Theunis Botha
24 Amanda Pretorius
25 Pierre de Villiers
25 Magriet Baker
29 Hester Wessels

SITRUSFEES: BUFFELSPOORT

Bel asseblief vir Hennie Ferreira as jy wil gaan kamp die naweek van 25 Mei 2012. Net 15 staanplekke beskikbaar (Streek se Mei-kamp)



*Lief en
leed*

Valerie Briedenhann het 'n knie- en voetoperasie ondergaan.

Linda de Jager is in die hospitaal opgeneem na 'n erge allergie.

Schalk Nolte het by sy werk uitgetree en is nou amptelik 'n pensioentrekker.

Program by Marula: Snoekbraai

Vrydag 16 Maart: Arriveer en slaan kamp op

19:00 Boekevat

Verwelkoming en registrasie (betaal asb vooraf R200 in by Sawa-Kiepersol ABSA Centurion 600 810 499)

Tee en koffie sal beskikbaar wees

Saterdag

Kuier gesellig saam, swem, stap

Besoek Serendipity naby Naboomspruit (vir diegene wat wil saamgaan) waar streek se veldwaens kamp

17:45 Boekevat en tafelgebed

18:00 Snoekbraai deur Charlie King (boerewors vir dié wat nie snoek eet nie)

Voorsien asseblief eie bykosse soos patats, slaai

Sondag

Kerkdiens (tyd sal aangekondig word)

Vanaf 11:30 Ete in restaurant vir diegene wat terugtog op vol maag wil aanpak (R55)

Roete: Ry deur Bela-Bela, noord op R101. Draai regoor ATKV Klein Kariba regs. Na ongeveer 1 km draai regs, oor spoorlyn, dan links, na entjie regs bult-op.

Projek: Besoek Filadelfia Ark



Een van vol vragte

▲ *Van die mense by die Ark wat baat vind by die beddegoed. Die inwoners het begin tuinmaak tussen die houthuisies ▶*



Willem Nordejé het 'n skoueroperasie ondergaan nadat hy met sy fiets geval het.

Dit gaan onder omstandighede goed met Chris Joubert wat 'n hartprobleem het.

Dit gaan goed met Charlie en Ronelle se dogter Nell na 'n operasie in haar gewrig.

Alet Lemmer het 'n gebreekte toon opgedoen.

Gerrie (van Johann en Alet) en sy gesin was die slagoffers van 'n gewapende roof in hulle huis. Gelukkig het nie een fisies seergekry nie.

Kuier, potjiekos en bruisende rivier by Drie Berge



Party het die Kloof-roete aangepak



Daar is 'n krokodil in die rivier!



Mense baljaar in swembad met Ouberg in die agtergrond



Esther en Hennie Lombard



Esther Lombard, Christine Haarhoff, Ina vd Berg, ds Emil Haarhoff en Jannie vd Berg



Johan Jordaan snr skep in vir sy seun Johan en Jacoline Lombard



Charlie King skep nagereg



Helmien en Dewald van Biljon



Rigard Lemmer maak brekfis met die krokodilteken in agtergrond



Hennie en Hannie Ferreira se brekfis is gereed



Ons het op die wal van die Krokodilrivier gekampeer



Gesellig saam voor die erediens wat deur ds Emil Haarhoff gelei is



Mandjiedans: Charlie King, Mare-lize Ferreira, Conrad en Maudie



Kampkommandante: Charlie en Ron-nelle King, Hannie en Hennie Ferreira